**As jy geestelik moeg raak, dink aan Jesus**

**Heb 12:3-4**

**27 November 2022**

1. Vantevore: Gelowiges mag met vrymoedigheid in heiligdom ingaan (Heb 10:19-20), moet nie die vrymoedigheid prysgee nie (Heb 10:35), deurdat hulle volhard in die geloof (Heb 11:36,38). Heb 11 gee definisie en voorbeelde van geloof. Ou en Nuwe Testamentiese gelowiges sal saam ingaan (Heb 11:39-40). Hardloop wedloop met volharding, oog gerig op Jesus, Leidsman en Voleinder van geloof (Heb 12:1-2)
2. Heb 12:1-2 – fokus op innerlike stryd teen sondige natuur (laste en sonde) met die oog op Jesus, Leidsman en Voleinder van geloof. Heb 12:3-4 – fokus op uiterlike stryd teen duiwel, en aanhangers deur aan Jesus te dink.
3. Hebreërs het geestelik moeg geword (Heb 12:3-4)
    a. Hebreërs = Christene uit Jodedom, het reeds lyding beleef (Heb 10:32-34)
    b. Geestelik moeg, wil terugkeer na Joodse geloof
    c. Moontlikheid is daar dat hulle erger lyding kan beleef (Heb 12:4)
    d. Hulle moet die koste gaan bereken (vgl Luk 14:28, Hand 21:13)
    e. Waar vir alle gelowiges (Joh 15:20, Fil 3:10)
        - Dink aan wettiging van liberale leefwyse in Westerse wêreld
4. Hoe voorkom ons om geestelik moeg te word? (Heb 12:3)
    a. Dink = weeg, vergelyk, bereken
    b. Dink oor:
        - Jesus vs die sondaars wat Hom vervolg (Joh 1:10-11)
        - Jesus se optrede vs sondaars se optrede (Luk 23:14, Luk 15:2, Mark 3:2, Mat 12:24, Joh 19:12, Mat 22:21)
        - Eie lyding vs Jesus se lyding (Heb 10:32-34)
5. Hoekom beleef gelowiges soveel vyandigheid?
    a. Gen 1-2
        - Tuin bewerk en oppas (Gen 2:15) vs aarde onderwerp (Gen 1:28)
        - Indien suksesvol – vooruitsig van sabbatsrus (Gen 2:1-3, Heb 4:9-11)
        - God verwag gehoorsaamheid in teenwoordigheid van die duiwel – dus stryd
    b. Ef 6:12-13 – Stryd teen duiwel en aanhangers duur steeds voort
    c. Jesus het duiwel oorwin en gebind – maar gebonde duiwel is steeds aktief (1 Pet 5:8)
    d. God wil dat ons gehoorsaamheid leer in teenwoordigheid van gebonde duiwel
    e. Leer deur te "dink" aan Jesus, wat die ergste vyandigheid ervaar het
6. Samevatting
    a. Groei in gehoorsaamheid in innerlike stryd teen laste en sonde – hou Jesus in die oog as Leidsman en Voleinder van die geloof (Heb 12:1-2)
    b. Groei in gehoorsaamheid in uiterlike stryd teen vyandigheid van duiwel en sy aanhangers – dink aan Jesus wat ergste lyding ervaar het en duiwel gebind het